HOOFSTUK 3

# 3. KERKSTIGTING IN STANDERTON

Dit lê in die tradisie van die Afrikaner om te sorg vir kerk= like inrigtings in elke saamtrekgebied. So was dit ook in Standerton en wat kerklike ontwikkeling en die stigting van gemeentes betref, kom in aanmerking die N.G. gemeente, Stander= ton en die Hervormde gemeente, Trichardtsfontein. Dit is bekend dat die Gereformeerde Godsdiens in die vyftigerjare van die vorige eeu in Oos-Transvaal nie dieselfde inslag gevind het as in Wes- en Noord-Transvaal nie. Daar was egter na 1859 Gerefor= meerde lidmate in die distrik Standerton wat sedert 1890 aan die Gereformeerde gemeente van Heidelberg behoort het tot 5 Mei 1905, toe Standerton 'n selfstandige gemeente geword het.[1)]

Kerkontwikkeling onder die Engelssprekendes het eers na 1900 plaasgevind toe die Metodiste en Anglikane selfstandige gemeen= tes geword het.[2)]

## 3.1 Die stigting van die Nederduitse Gereformeerde gemeente van Standerton

N.G.-lidmate wat in die Standertongebied woonagtig was, het waarskynlik eers aan die omliggende gemeentes soos die van Utrecht, Wakkerstroom, Heidelberg, Middelburg en Ermelo behoort.[3)]

---

1) P.G.M. Scholtz: Standerton, gister en vandag, p. 47; B. Spoelstra: Die "Doppers" in Suid-Afrika, 1760-1899, p. 172; C. Spoelstra: Het Kerkelijk en Godsdienstig leven der Boeren na den Groten Trek, p. 608.

2) P.G.M. Scholtz: a.w., pp. 49-51.

3) C. Spoelstra: a.w., p. 592.

Die totstandkoming van 'n plaaslike gemeente was byna 'n vanselfsprekendheid as 'n mens die lang afstande in ag neem wat lidmate moes aflê ter wille van die Woordverkondiging en die gebruik van die Bondseëls. In die verband rapporteer ds. H.L. Neethling van Utrecht in Junie 1877, tydens die Agtste Algemene Vergadering wat te Lydenburg gehou is, dat hy genoodsaak was om die gemeente Standerton te stig.[4] Na bespreking van die aangeleentheid word Standerton op 4 Junie 1877 deur die Algemene Vergadering erken as 'n selfstandige gemeente van die N.G. Kerk.[5]

Standertongemeente is die veertiende oudste in Transvaal[6] en het geressorteer onder die ring van Utrecht met ds. H.L. Neethling as konsulent.[7] Oorspronklik het die gemeente gestrek oor 'n gebied met 'n gemiddelde deursnee van ongeveer honderd kilometer.[8]

Die eerste naam op die lidmaatregister, is die van Barend Gabriël Oosthuizen, gebore op 5 Desember 1822, en wat op 12 Oktober 1842 belydenis van geloof voor ds. D. Lindley op Pietermaritzburg afgelê het. Bekende vanne soos Muller, Badenhorst, Van den Berg, Lotter, Van Zyl, Erasmus, Lombaard, Boshoff, Uys, Zietsman,

---

4) Gedenkboek, N.G. Kerk, Standerton,1877-1977, p. 7.

5) G.B.A. Gerdener: Boustowwe vir die geskiedenis van die N.G. Kerk in die Transgariep, p. 366.

6) C. Spoelstra: a.w., p. 592.

7) Notuleboek van die Kerkraad van die N.G. gemeente Standerton 1885-1902, p. 1. Ongelukkig het die Notuleboek vanaf stigting tot 1885 verlore geraak en kan dit nêrens opgespoor word nie.

8) P.G.M. Scholtz: a.w., p. 36.

Moolman, Smit en Potgieter tel onder die lidmate van die gemeente, Standerton.[9]

Die eerste twee kinders wat na die stigting van die gemeente gedoop is, was tweelingdogters, naamlik Catharina Hermina en Elizabeth Jacoba Cronjê, gebore op 11 Maart 1877 en gedoop op 22 April 1877 deur die konsulent, ds. H.L. Neethling van Utrecht.[10]

3.1.1 Ds. A. Murray, eerste predikant

Die nuwe gemeente het nie lank gewag om 'n eie predikant te bekom nie. Sommer met die eerste beroep was hulle suksesvol want die pas gelegitimeerde Andrew Murray, seun van prof. John Murray, een van die eerste viertal professore van die Stellenboschse Kweekskool, het die beroep na Standerton aangeneem.[11] Hy is op Saterdag 19 Januarie 1878 as eerste predikant van Standerton bevestig.[12]

Die gemeente het op die stadium nog nie oor 'n eie vergaderplek beskik nie en dienste is in die pakhuis van die winkel van die heer John Gibson gehou.[13] Die behoefte aan 'n eie kerkgebou was egter baie groot en tenders vir die bou van 'n kerkgebou is alreeds aan die begin van 1878 gevra.[14] Dit is nie bekend aan wie

9) Ledematen Register der Ned. Ger. Gemeente, Standerton, p.1.
10) Doopregister der Ned. Ger. Gemeente, Standerton, p. 1.
11) Gedenkboek, N.G. Kerk, Standerton, 1877-1977, p. 7.
12) De Volksstem, 19.2.1878.
13) P.G.M. Scholtz: a.w., p. 33.
14) De Volksstem, 12.1.1878.

die tender toegeken is nie, maar wel dat 'n klipkerkie gebou is op die hoek van Burger- en Caledonstraat, en dit sou 'n aantal jare in die gemeentelike behoeftes voorsien. Die kerkie staan vandag nog daar en word deur die Stadsraad as museumgebou gebruik.[15)]

Ds. Murray het as gemeente die hele landdrosdistrik van Stander=ton en die grootste deel van die huidige Bethaldistrik gehad. Op huisbesoek moes hy lang afstande oor swak paaie aflê, wat meegebring het dat hy oor goeie perde moes beskik as hy op een dag twee kerkraadslede wou besoek. So moes hy van Blesbokspruit af ry waar ouderling J.P.J. van Vuuren gewoon het tot by Van Tondershoek (huidige Charl Cilliers) waar ouderling Steyn was, 'n afstand van meer as dertig kilometer.[16)]

Wat die onderwys betref,het ds. Murray hom in die besonder be=ywer vir die daarstelling van georganiseerde onderwys in Stan=derton.[17)]

In die loop van 1881 het ds. Murray die gemeente verlaat, waar=skynlik het hy 'n beroep elders heen aanvaar en die gemeente sou die volgende vyf jaar vakant wees.[18)]

---

15) Gedenkboek,N.G. Kerk,Standerton, 1877-1977, p. 13; Scholtz: a.w., p. 33.

16) Gedenkboek,N.G. Kerk,Standerton, 1877-1977, p. 13.

17) Vir meer besonderhede raadpleeg hoofstuk 5, p. 105.

18) P.G.M. Scholtz: a.w., p. 61.

3.1.2 Kerkvereniging

Die vakante N.G. gemeente van Standerton, het gedurende die tagtigerjare van die vorige eeu midde in die stryd rondom die Kerkvereniging, gestaan.[19]

Reeds voor die anneksasie van Transvaal in 1877, het die drang na Kerkvereniging tussen die Nederduitse Gereformeerde en die Nederduitse Hervormde Kerk hom begin openbaar en na 1881 het die Transvalers wat saam gestry het, "slegs een begeerte gehad en dit was om God in een kerk te kan aanbid".[20]

Die vraag van toenadering tot die Hervormde Kerk het tydens die eerste Sinode van die N.G. Kerk, wat na die Eerste Vryheidsoorlog gehou is, op 7 November 1881 te Standerton, ter sprake gekom en die meerderheid van die afgevaardigdes het hulle ten gunste van die verandering uitgespreek.[21]

Kommissies van die twee kerke is mettertyd gekonstitueer en by verskeie geleenthede is daar beraadslaag oor die voorgenome Kerkvereniging met heelwat verskilpunte soos onder andere die legitimasie van predikante en die naam van die kerk.[22]

---

19) Vir meer besonderhede oor die voorgeskiedenis van die Kerkvereniging raadpleeg S.P. Engelbrecht: Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 3e uitgawe, pp. 281-301.

20) G.D. Scholtz: Die geskiedenis van die Nederduits Hervorm= de of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, 1842-1855, pp. 273-274.

21) Gerdener: a.w., pp. 368-369.

22) G.D. Scholtz: a.w., pp. 278-287.

Die Sinode van die N.G. Kerk het op 12 Maart 1883 in Standerton byeengekom om die verslag van die kommissies in oorweging te neem.[23] Nog in dieselfde jaar, op 28 Desember 1883, het lede van die twee kerke in die Standertonse distrik byeengekom en ooreen=gekom dat hulle hul sou vereenselwig met die hele poging tot Kerk=vereniging "en dat beide gemeenten van het distrikt Standerton als dan stappen zullen nemen tot vereeniging, indien eene al=gemeene vereeniging niet kan worden bewerkstelligd".[24] Dit blyk dus dat die Standertonners self tot vereniging sou oorgaan indien die twee kerke nie tot 'n vergelyk kon kom nie.[25]

Dit was egter nie vir hulle nodig gewees om tot so 'n drastiese stap oor te gaan nie, want volgens besluit van beide Algemene Kerkvergaderings van die N.G. sowel as die Nederduitsch Hervorm=de Kerk geneem te Pretoria op 26 Januarie 1885, sou finale stappe gedoen word om vereniging te verkry.[26] In die vergadering van die Hervormde Kerk het dit egter duidelik geblyk dat nie al die Hervormde gemeentes instemmend tot die Kerkvereniging was nie, des=nieteenstaande het die vereniging van gemeentes van die twee kerke in die loop van 1885 tog plaasgevind.[27]

Die vereniging tussen die N.G. gemeente, Standerton en die Neder=duitsch Hervormde gemeente van Trichardtsfontein, het tydens 'n gesamentlike kerkraadsvergadering op 9 April 1885 geskied. Die konsulent, ds. H.L. Neethling, was in die voorsitterstoel en

---

23) Ibid., p. 288.

24) Soos aangehaal deur G.D. Scholtz: a.w., pp. 290-291.

25) G.D. Scholtz: a.w., p. 291.

26) Ibid., p. 292.

27) Engelbrecht: a.w., pp. 297-301.

ds. N.J. van Warmelo van die Nederduitsch Hervormde gemeente, Heidelberg het die vergadering met gebed geopen. Die voorsitter het die lidmate van die Hervormde Kerk verwelkom en die hoop uitgespreek dat hulle in broederlike liefde sou saamwerk tot heil van die gemeente. Hierna het ds. Van Warmelo die boeke van die Nederduitsch Hervormde gemeente, naamlik doopregister, lidmaatregister, notuleboek en kasboek, asook 'n kis met die namgaalservies, doopbakke en verder die transport van twee erwe op die dorp Stnaderton en die kerkgebou met 'n stuk grond vol= gens kontrak in die wyk Blesbokspruit, plaas Trichardtsfontein, sonder transport,[28] aan die voorsitter oorhandig.

Intussen is die probleme en verskille tussen die twee kerke op sinodale vlak in 'n mate uit die weg geruim en kon die eerste Algemene Kerkvergadering van die Verenigde Kerk op 7 Desember 1885 in Pretoria konstitueer en daarmee het die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk tot stand gekom.[29]

### 3.1.3 Ds. H.L. du Plessis

Aan die begin van 1886 het die Verenigde gemeente van Standerton weer 'n predikant gekry in die persoon van ds. H.L. du Plessis, voorheen van Newcastle.[30] Tydens sy bediening in Standerton het die Kerkvereniging groot probleme vir die gemeente meegebring.

Dit begin met 'n brief van ouderling A.B. Wolmarans, gerig aan die kerkraad, waarin hy bedank as lid van die Verenigde

---

28) Notuleboek van die Kerkraad van die N.G. gemeente, Stander= ton, 1885-1905: Notule van vergadering gehou op 9.4.1885, pp. 1-6.

29) Engelbrecht: a.w., p. 301; G.D. Scholtz: a.w., p. 296.

30) Gedenkboek, N.G. Kerk, Standerton, 1877-1977, p. 8.

gemeente van Standerton omdat hy geen vrede gesien het in die vereniging nie en wens om as lid van die Nederduitsch Hervormde Kerk van die Zuid-Afrikaansche Republiek aan te bly. Na be=spreking het die kerkraad besluit om sy bedanking as kerkraads=lid te aanvaar.[31)]

Die bedanking van ouderling Wolmarans was egter net die begin van die probleme wat die Kerkvereniging vir die gemeente ingehou het. Op die volgende kerkraadsvergadering lê die voorsitter ter tafel 'n kennisgewing van 'n deel van die gemeente, aan hom oor=handig deur P. van Niewenhuizen op Vrydag 26 Maart 1886. Dit is onderteken deur 260 lidmate wat te kenne gee dat hulle as lid=mate bedank en dat hulle die kerkgebou te Trichardtsfontein wil behou.

Na bespreking het die kerkraad besluit om die ondertekenaars in kennis te stel dat:

(i) die kennisgewing ontvang is;
(ii) dit die kerkraad leed aandoen dat die ondertekenaars tot so 'n stap oorgegaan het;
(iii) die kerkraad nie aan hulle versoek oor die kerkgebou te Trichardtsfontein kan voldoen nie indien hulle vol=hard met hulle bedanking as lidmate van die Verenigde Kerk.

Verder is besluit dat diaken G. Engelbrecht die kerksleutel by die koster van Trichardtsfontein moes kry en aan die kerkraad oorhandig. Tydens dieselfde vergadering is die bedanking van

---

31) Notuleboek van die Kerkraad van die N.G. gemeente, Stander=ton, 1885-1905: Notule van vergadering gehou op 18.3.1886, p. 30.

ouderling D.J.P. van Schalkwyk en diakens J.J.H. Engelbrecht en P.J.L. Bouwer as kerkraadslede en as lidmate van die Verenigde Kerk, aanvaar.[32)]

Tydens die vergadering van 26 Julie 1886,het diaken G. Engel=brecht oor die sleutel van die kerkgebou te Trichardtsfontein verslag gedoen. Volgens die koster is die sleutel aan ouderling Van Schalkwyk gegee. Van Schalkwyk het aan Engelbrecht erken dat hy die sleutel gehad het,dog as lid van 'n kommissie en dat hy dit net namens die gemeente[33)] sou afgee, waarop Engelbrecht aan Van Schalkwyk gesê het dat hy die verantwoordelikheid vir die sleutel op hom sou moes neem. In hierdie situasie het die skriba die kerkraad aangeraai om:

(i) geen stappe te doen voor die gemeente nie geraadpleeg is nie;

(ii) 'n kerkdiens vir Trichardtsfontein te bepaal en ds. Van Warmelo te nooi om die diens te lei.
Indien die sleutel nie oorhandig sou word nie, sou die Verenigde gemeente daarop gewys word dat die fout nie by die kerkraad gelê het nie. Diaken G. Engelbrecht het hom met die skriba se raad vereenselwig en in die=selfde gees gespreek.[34)]

---

32) Notuleboek van die Kerkraad van die N.G. gemeente,Stander=ton,1885-1905: Notule van vergadering gehou op 29.3.1886, pp. 35-36.

33) Met gemeente het Van Schalkwyk waarskynlik bedoel die oor=spronklike Nederduitsch Hervormde gemeente van Trichardts=fontein.

34) Notuleboek van die Kerkraad van die N.G. gemeente,Stander=ton,1885-1905: Notule van vergadering gehou op 26.7.1886, p. 39.

Na verloop van drie maande was die sleutel nog steeds in Van Schalkwyk se besit. Dit kon nie langer toegelaat word nie en gevolglik adviseer ds. Du Plessis die kerkraad om stappe teen Van Schalkwyk te doen. Van Schalkwyk moes naamlik tussen 1 en 22 November geleentheid gebied word om die sleutel af te gee, anders sou 'n kommissie, bestaande uit P.W. Geyser en J. Janse van Vuuren, dit namens die kerkraad kom opeis.[35] Dit was egter nie nodig nie, want vroeg in Januarie 1887 kon gerapporteer word dat die sleutel afgelewer is.[36] Die bedanking van ouder=ling Wolmarans as lidmaat van die Verenigde Kerk, gevolg deur 260 lidmate en die weiering van Van Schalkwyk om die kerk=sleutels van Trichardtsfontein aan die kerkraad van die Vere=nigde gemeente te oorhandig, moet gesien word as 'n onwilligheid om hulle te vereenselwig met die Kerkvereniging.

Dit skyn asof diaken Gert Engelbrecht[37] ook ontevrede was met die Kerkvereniging en na redes gesoek het om te bedank. So het hy tydens 'n kerkraadsvergadering beswaar gemaak teen die gebede van die gemeentelede en teen kniel in die kerk tydens bidure en versoek dat die getal gebede tot drie beperk moes word. Na=dat die voorsitter hom daarop gewys het dat die reg om te kan

35) Notuleboek van die Kerkraad van die N.G. gemeente, Stander=ton, 1885-1905: Notule van vergadering gehou op 1.11.1886, pp. 47-51.

36) Notuleboek van die Kerkraad van die N.G. gemeente, Stander=ton, 1885-1905: Notule van vergadering gehou op 3.1.1887, p. 53.

37) Diaken Gert Engelbrecht, later kommandant gedurende die Anglo-Boereoorlog, was die vader van die bekende kerk=historikus, prof. S.P.E. Engelbrecht.

bid, die gemeentelede nie ontneem kan word nie, het Engelbrecht sy eerste beswaar teruggetrek. Die vergadering het dit egter wenslik geag dat die biduur in die kerk deur 'n leraar of ouder=ling gehou moes word. Engelbrecht het egter versoek dat daar aangeteken moes word dat hy hom nie met die gevoel van die kerk=raad vereenselwig nie.[38)]

Dit was dan ook geen verrassing toe diaken Gert Engelbrecht saam met ouderling A. Jooste en diaken P. Greyling bedank as lede van die kerkraad en as lidmate van die Verenigde Kerk.[39)]

3.1.4 Die gemeente kry 'n nuwe kerkgebou

Met die kerkkwessie nog onopgelos, moes die kerkraad ook aandag gee aan die bou van 'n nuwe kerkgebou vir die Verenigde gemeen=te, Standerton. Derhalwe skrywe die kerkraad aan die Staats=president en die lede van die Uitvoerende Raad dat hulle ver=neem het dat die regering aan gemeentes plase gegee het vir kerklike doeleindes. Hulle wys daarop dat die huidige kerk=gebou te klein geword het, veral na die vereniging met die Nederduitsch Hervormde Kerk en dat dit noodsaaklik geword het om 'n nuwe kerk te bou. Hulle vra ook 'n plaas en versoek dat die regering hulle saak gunstig sal oorweeg.[40)] Die kerkraad

---

38) Notuleboek van die Kerkraad van die N.G. gemeente, Stander=ton, 1885-1905: Notule van vergadering gehou op 3.1.1887, p. 58.

39) Notuleboek van die Kerkraad van die N.G. gemeente, Stander=ton, 1885-1905: Notule van vergadering gehou op 29.10.1888, p. 88.

40) R.1049/89: Brief van ds. H.L. du Plessis aan die Staats=president en lede van die Uitvoerende Raad, 1.7.1887.

het dan ook antwoord gekry dat die plase Kuilwater no. 44 en Kafferskuilen no. 47, albei geleë in die distrik Heidelberg, aan die Verenigde gemeente van Standerton geskenk word.[41] Daarvoor is die regering opreg bedank.[42]

Met die plase as sekuriteit, kon die gemeente voortgaan met sy bouplanne van 'n nuwe kerkgebou. Die tweede kerk van die gemeente was 'n kruiskerk met drie vleuels in die vorm van die hoofletter T, gebou van gekapte klip. Die kontrakteur was Wilkenson en Gabriël. Die hoeksteen is deur kmdt.-genl. P.J. Joubert op 25 Oktober 1889, gelê[43] en die voltooide kerk is op 3 April 1891 ingewy.[44]

### 3.1.5 Standertonse Verenigde gemeente voor die hof

Daar is reeds aangetoon dat daar lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Standerton was wat teen die Kerkvereniging gekant was. Hulle het ds. Smits van Pretoria laat kom en op die plaas Cyferfontein van ouderling Van Schalkwyk, het hulle die kerkraad weer voltallig gemaak en sodoende die gemeente van Trichardtsfontein voortgesit.[45]

---

41) Band 8, U.R.B. 1887-1888: art. 267, 14.5.1888.

42) R.1049/89: Brief van ds. H.L. du Plessis aan Staatsekretaris, 16.1.1889.

43) Gedenkboek, N.G. Kerk, Standerton, 1877-1977, p. 13; P.G.M. Scholtz: a.w., p. 34.

44) Notuleboek van die Kerkraad van die N.G. gemeente, Standerton, 1885-1905: Notule van vergadering gehou op 6.4.1891, p. 179.

45) Engelbrecht: a.w., pp. 310-311.

Nadat verskeie pogings aangewend is om tot 'n skikking oor die kerkeiendomme te kom en niks bereik is nie,het die kerkraad van die Hervormde gemeente van Standerton (Trichardtsfontein) in 1892 die Verenigde gemeente van Standerton laat dagvaar en ge= eis dat die kerkgebou van Trichardtsfontein en die ander eien= domme terug gegee word. Die saak het vir argumentasie van 2 tot 8 Augustus en van 1 tot 8 November 1892 in die hooggeregs= hof te Pretoria, gedien.

"Die hof het van die standpunt uitgegaan dat 'n Kerk 'n univer= sitas, 'n sedelike liggaam is, wat alleen met toestemming van al sy lede opgehef kan word, in teenstelling met 'n societas, 'n vennootskap of maatskappy, wat wel met meerderheid van stemme opgehef kon word. Toe dit voor die Hof bewys is dat daar lede van die Hervormde gemeente van Standerton was wat nie verenig het nie, is hulle dan ook deur die Hof beskou as die wettige voortsetting van die gemeente. Hoewel die kerkrade verenig het, kan hulle as trustee van die gemeente, wat eienares van die kerklike goedere is, nie die kerklike goedere aan 'n ander liggaam oormaak nie. Die Hof het ook verklaar dat die meerder= heid van die Algemene Kerkvergadering wat besluit het om te verenig,daarmee "buiten die grenzen harer bevoegdheid gehandel het", en dus "ultra vires". Die algemene kerkvergadering kan die gemeentes nie dwing om te verenig nie. Die uitspraak was dan ook ten gunste van die Hervormde kerkraad. Die kerkraad van die Ned. Herv. of Geref. gemeente moes binne een maand die Hervormde kerkraad in besit stel van die kerkgebou van Trichardts= fontein en die ander kerklike eiendomme, en moes ook die koste betaal. Die drie regters was dit aldrie met die vonnis eens."[46]

---

46) Engelbrecht: a.w., pp. 349-350; G.D. Scholtz: a.w., pp. 65-66.

Die kerkraad van die Verenigde gemeente van Standerton kon die eiendomme van die Hervormde gemeente dus nie hou nie. Die kerk=raad het egter geweier om dit af te gee, waarop die balju daar=op beslag gelê en dit op 27 September 1893 aan ouderling G.J. Engelbrecht wat as verteenwoordiger van die kerkraad van die Hervormde gemeente opgetree het, oorhandig het.[47)]

Die lidmate van die Verenigde gemeente van Standerton was nie met die uitspraak van die hooggeregshof tevrede nie en het drie memories aan die Uitvoerende Raad gerig waarin hulle versoek het dat die uitspraak nietig verklaar word. Die Staatsekretaris het hulle egter laat weet dat die Uitvoerende Raad hulle nie tegemoet kan kom nie omdat dit met die grondwet van die Z.A.R. strydig sou wees.[48)]

Hierdie hofsaak het 'n groot finansiële las op die Verenigde gemeente van Standerton gelaat. Nadat 'n deel van die proku=reurskoste betaal was, het die gemeente nog £682-17-9 (R1 365) op die kerk geskuld.[49)] 'n Verdere slag tref die gemeente teen die einde van 1894, toe ds. Du Plessis 'n beroep na Lindley aanneem en die gemeente weer vakant word.[50)]

---

47) Engelbrecht: a.w., p. 351.

48) R.7614/93: Staatsekretaris aan die Memoraliste, 5.7.1893.

49) Notuleboek van die Kerkraad van die N.G. gemeente, Stander=ton, 1885-1905: Notule van vergadering gehou op 21.10.1893. Geen bladsyverwysing nie. Tydens die hofsaak was die notuleboek by die hooggeregshof as bewysstuk. Ontbrekende notules is ingevoeg sonder bladsyverwysinge.

50) Notuleboek van die Kerkraad van die N.G. gemeente, Stander=ton, 1885-1905: Notule van vergadering gehou op 12.11.1894, p. 235.

### 3.1.6 Ds. N.H. Theunissen

Nadat ds. N.H. Theunissen van Bethal vir die tweede maal 'n Standerton beroep is, het hy die beroep aangeneem en in November 1895 is hy bevestig. Gedurende sy studentejare op Stellenbosch was hy 'n uitblinker in krieket, tennis en voetbal. Op Stander= ton het hy dikwels as skeidsregter in wedstryde vir een van die sportsoorte opgetree.[51)]

Intussen het die gemeente weer 'n plaas van die Regering ont= vang en om hulle hofonkoste te dek, is die plaas Graafwater, ge= durende Desember 1895 vir £664 (R1 328) verkoop.[52)] Dit het die gemeente weer op 'n gesonde finansiële voet geplaas en op besluit van die kerkraad, is 'n kommissie aangestel om die ver= groting van die kerk te ondersoek.[53)] Na 'n bespreking van die kommissie se verslag, het die kerkraad besluit om as gevolg van die runderpes[54)] te wag met die vergroting van die kerk.[55)] Dit was 'n wyse besluit want min het hulle geweet dat hulle binne twee jaar as burgers van die Z.A.R. in 'n oorlog met Groot-Brittanje gewikkel sou wees. 'n Ekstra finansiële las sou dan vir die gemeente baie probleme meegebring het.

---

51) Gedenkboek, N.G. Kerk, Standerton, 1877-1977, p. 14.

52) Notuleboek van die Kerkraad van die N.G. gemeente, Stander= ton, 1885-1905: Notule van vergadering gehou op 21.12.1895, p. 286.

53) Ibid., Notule van vergadering gehou op 26.3.1896, p. 308.

54) Vir meer besonderhede oor die runderpes sien hoofstuk 2, p. 63.

55) Notuleboek van die Kerkraad van die N.G. gemeente, Stander= ton, 1885-1905: Notule van vergadering gehou op 27.3.1897, p. 309.

3.1.7 Nagmaalaangeleenthede

Vanaf die ontstaan van die gemeente is daar deur byna die hele boeregemeenskap net twee nagmaalsvierings bygewoon, naamlik in Januarie en in April. Met die winternagmaal was dit te koud om in tente te staan en was die meeste boere met hulle vee weg na die bosveld, en in Oktober was daar op die dorpsgronde nie ge= noeg weiding vir die honderde trekosse nie. By dié bepaalde geleenthede het die eerste waens reeds Donderdag aangekom en Vrydagmiddag was al wat boer was,op die dorp. Die kerkgronde en onbewoonde erwe het dan vol waens en tente gestaan, melk= koeie met kalwers inkluis.

Vrydagoggend het die dienste 'n aanvang geneem met 'n biduur. Saterdagmiddag was dit voorbereidingsdiens en die voorstelling van katkisante; Sondagmôre vroeg weer biduur en later die nagmaalsdiens. By die namiddagdiens het die doopsbediening plaasgevind en met die aanddiens is nuwe kerkraadslede voorge= stel. Maandagmôre vroeg soek jy verniet na 'n tent of ossewa, want sommige lidmate is reeds na die aanddiens terug huis toe, terwyl ander die Maandagoggend baie vroeg vertrek het. Vir die res van die jaar is die dienste byna uitsluitlik deur die dorpsbewoners bygewoon.[56)]

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het kerksake ook 'n redelike stilstand bereik. Tussen 8 Julie en 1 November 1899 is daar byvoorbeeld notule van slegs vier vergaderings gehou, aangesien die meeste lidmate op kommando was. Hierdie ver= gaderings het hoofsaaklik oor finansies en die bekommernis om

---

56) Gedenkboek,N.G. Kerk,Standerton,1877-1977, p. 18;
P.G.M. Scholtz: a.w., pp. 34-35.

die leraar se salaris te betaal, gegaan. Dit wil amper voorkom asof die gemeente gedurende die oorlog opgehou het om te be=staan.[57)]

3.2 Die Nederduitsch Hervormde gemeente van Standerton

Die huidige Nederduitsch Hervormde gemeente van Standerton was maar slegs 'n wyk van die Nederduitsch Hervormde gemeente, Trichardtsfontein, wat op sy beurt aanvanklik wel as die Neder=duitsch Hervormde gemeente, Standerton en later as die Neder=duitsch Hervormde gemeente, Bethal bekend gestaan het en eers sedert 1919 amptelik in die Almanak van die Nederduitsch Her=vormde Kerk van Afrika opgeneem is as die Nederduitsch Hervormde gemeente van Trichardtsfontein.

Om hierdie toedrag van sake te begryp, moet vir 'n oomblik teruggegaan word na 1870. In daardie jaar is die wyk, Blesbok=spruit by die Nederduitsch Hervormde gemeente, Heidelberg, in=gelyf. Die wyk, Blesbokspruit, was in Oos-Transvaal in die om=gewing van die huidige Bethal geleë. As gevolg van die feit dat Oos-Transvaal baie koud is en daar nie voldoende vuurmaak=hout te vinde was nie, is Oos-Transvaal met die bewoning van die Oor-Vaalse gebied, die laaste bevolk. Hierdie dele, naamlik die huidige distrikte Standerton, Bethal en Trichardtsfontein, is eers later in die sestigerjare van die vorige eeu bewoon, veral deur die intrekkers uit die noorde na die ontruiming van Schoemansdal in 1867. Die eerste ouderling van hierdie nuwe wyk was dan ook 'n intrekker uit die noorde en voorheen diaken van die Nederduitsch Hervormde gemeente, Zoutpansberg, naamlik

---

57) Gedenkboek, N.G. Kerk, Standerton, 1877-1977, p. 14.

P.W. Geyser.[58] As diaken is D.P.J. van Schalkwyk gekies en hulle is op 24 Desember 1870 in hulle onderskeie ampte beves= tig.[59]

Op die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk in die Z.A.R. gehou in November 1879, het die skriba, ds.N.J. van Warmelo, aangekondig dat die owerheid die dorp, Standerton, tot 'n afsonderlike distrik verklaar het. Dit het ook die wyk, Blesbokspruit, ingesluit. Daarop het die Algemene Vergadering besluit dat Standerton voortaan 'n selfstandige gemeente sou wees met die burgerlike grense ook as kerklike grense en met die predikant van Heidelberg as konsulent van die nuwe gemeen= te.[60] Op 22 November 1879, vind die eerste kerkraadsvergadering van die nuwe gemeente plaas onder die voorsitterskap van die konsulent ds. N.J. van Warmelo van Heidelberg. Die ouderlinge teenwoordig, was P.W. Geyser, A. Jooste, D.P.J. van Schalkwyk en A.B. Wolmarans en die diakens, G. Engelbrecht, P. Bierman en J.J. Engelbrecht. Tydens die vergadering is aan ouderling Geyser en diaken Engelbrecht volmag gegee om 'n kerkerf in die dorp Standerton en wat deur die heer A. Stander geskenk is, op die naam van die gemeente te transporteer.[61]

---

58) S.J. Botha: Gedenkboek van die Nederduitsch Hervormde gemeente, Standerton. (Geen bladsyverwysing nie.)

59) K.A. (Ned.Herv.Pretoria): Notuleboek 1865-1885 gemeente, Heidelberg, Notule van vergadering gehou op 19.11.1870, p. 49.

60) K.A. (Ned.Herv.Pretoria): Notule Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk (1874-1889), 6.11.1879, p. 16.

61) K.A. (Ned.Herv. Pretoria): Notuleboek 1879-1921, gemeente, Trichardtsfontein, 22.11.1879, pp. 2-3.

Intussen het die here Peel en Laing 'n stuk grond op Trichardts=fontein vir die bou van 'n kerk aan die gemeente geskenk.[62) ] Vanweë die feit dat die grootste konsentrasie gemeentelede nader aan Trichardtsfontein was, het die kerkraad besluit om die kerk daar te bou. As boukommissie vir die oprigting van die kerk=gebou,is die volgende persone aangestel: D.P.J. van Schalkwyk, G.L.J. van Nieuwenhuizen, Jan Engelbrecht, G.J. Pretorius, Theod. Meyer, P.H. Kruger en Thomas Owen Laing.[63)]

Die hoeksteen van die kerkgebou is op 30 April 1883 gelê en op 6 Desember 1884,kon die kerk ingewy word in die teenwoordigheid van 'n groot aantal belangstellendes. Daar is nou voorlopig nie voortgegaan met die planne om ook in Standerton self 'n kerkgebou op te rig nie. Waar die gemeente nou net een kerk=gebou gehad het, het dit feitlik vanselfsprekend daarheen ont=wikkel dat Trichardtsfontein die swaartepunt van die gemeente sou word. Veral na die hofuitspraak van 1893[64)] in verband met die kerklike eiendomme van die Nederduitsch Hervormde ge=meente Standerton te Trichardtsfontein, is al hoe meer die be=naming Trichardtsfontein,in plaas van Standerton,gebruik. Formeel het die gemeente egter nog die naam,Standerton,gedra.[65)]

Met verloop van tyd het dit egter nodig geword om ook te Stan=derton 'n kerkgebou op te rig vanweë die groei van die lidmate=tal rondom Standerton. Op 22 Januarie 1898 is die hoeksteen

---

62) Botha: a.w., geen bladsyverwysing nie.

63) K.A. (Ned.Herv. Pretoria): Notuleboek 1879-1921, gemeente, Trichardtsfontein, 7.11.1881, p. 19.

64) Vergelyk voetnoot 47 van dieselfde hoofstuk.

65) Botha: a.w., geen bladsyverwysing nie.

van 'n kerkie dan ook te Standerton deur ds. M.J. Goddefroy gelê.[66]

Dit het dus beteken dat die gemeente,Standerton (Trichardts=fontein) nou twee kerkgeboue gehad het, naamlik te Standerton en te Trichardtsfontein. Trichardtsfontein het egter die sen=trum van die gemeente gebly. Die feit dat die gemeente egter nou twee kerkgeboue gehad het, het vanself daartoe gelei dat die gemeente al hoe meer as twee afsonderlike gemeentes ge=sien is. Algaande het dit egter vanweë die groei van die ge=meente al duideliker geword dat die gemeente eindelik in twee dele verdeel sou word. Dit het in 1915 plaasgevind tydens die dienstyd van ds. J.J. Prinsloo wat vanaf 1909 die gemeente, Standerton, bedien het.[67]

### 3.3 Samevatting

Kerkstigting gedurende die vorige eeu is slegs beperk tot die N.G. en Hervormde Kerk. Ander kerke in Standerton het eers na 1900 tot stand gekom.

N.G.-lidmate van Standerton het eers onder verskeie gemeentes geressorteer en eers vanaf 4 Junie 1877,'n selfstandige gemeen=te geword. Ds. A. Murray was die eerste predikant van die ge=meente en gedurende sy bediening is die eerste kerk gebou. Gedurende 1885 het die kerkvereniging plaasgevind met ramp=spoedige gevolge vir die Standertonse gemeente wat in 'n hof=saak wat hulle verloor het, betrokke geraak het.

---

66) P.G.M. Scholtz: a.w., p. 43.

67) Botha: a.w., geen bladsyverwysing nie.

Ten spyte van talle probleme,kon die gemeente onder die leiding van ds. H.L. du Plessis 'n nuwe kerkgebou op 3 April 1891 inwy. Ds. Du Plessis is deur ds. N.H. Theunissen wat heelwat aandag aan die onderwys gegee het, opgevolg. Lidmate van die Hervormde Kerk in Standerton het eers aan die gemeente,Heidelberg behoort en vanaf November 1879,was hulle 'n selfstandige gemeente. Op 6 Desember 1884,het die Hervormde gemeente hulle kerkgebou te Trichardtsfontein ingewy. Gedurende 1898 is ook te Standerton 'n kerkgebou vir die Hervormde gemeente voltooi. Trichardts=fontein het egter die sentrum van die gemeente, Standerton, ge=word.